No 1300 10 Januarie 2016

GEMEENTEBRIEF

Kol 2:14: "Hy het die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die kruis te spyker, het Hy dit vir goed weggeneem."

Gereformeerde Kerk
Pretoria-Alkantrant

Webtuiste: *www.gk-alkantrant.co.za* • **Facebook:** Gereformeerde Kerk Alkantrant
Predikant: Ds. Dirk Kotzee: 079 305 3297, *dkotzee@gmail.com* • **Skriba:** Hennie Klopper: 082 578 1417, *hbklopper@webmail.co.za*
Administratiewe beampte: Magda Coetzee: 082 496 9218, *magdacmcoetzee@gmail.com* **Attes Skriba:** Tjaart vd Walt: 083 303 1275, mwnts@mweb.co.za *Bankbesonderhede: GK Alkantrant, ABSA rekeningnommer 540 340 404, Takkode: 334 745*

DIE EREDIENS

Baie welkom in die erediens. Mag die Here ons saamwees met Hom en met mekaar ryklik seën. Ons bid u elkeen 'n geloofsverrykende, vreugde-volle en aangename erediens toe.

Ds. Dirk Kotzee
Skriflesing: Markus 2: 1-12
Teks: Markus 2: 4 en 5

Tema: "WERP ALLES IN DIE STRYD OM BY CHRISTUS UIT TE KOM!"

Mense het 'n geneigdheid om ander mense teleur te stel. En glo dit of nie, dit skemer soms deur na die kerk. Die gevolg is dat baie mense teleurgestel word deur die kerk. Dit is eintlik onvermeibaar. Die ding wat op die einde van die dag die deurslag gee by mense, is die benadering tot deel wees van die kerk. In ons teksgedeelte word elke moontlike deel van die kerklike samelewing beskryf. Ons fokus vandag is: om alles in die stryd te werp om by Christus uit te kom. Ons belig dit vanuit die volgende drie hoofpunte:

1. Die voorkoms van die gemeente.
2. Die plek van Christus in die gemeente
3. Plek vir mekaar in ons gemeente

Sing:
Psalm 111: 1-3 (Cloete);
Psalm 19:5 (Cloete);
Psalm 89:6
SB 3-4:1 en 5

Kollekte:
Tydens erediens: Diakonale kas.
By die deure: Teologiese studente-kas.
Volgende Sondag: Dopperdinge.

Diensbeurte:
Die kerkraadslede van Wyk A1 is vandag aan diens. Hulle is ouderling Isak du Plooy en diaken Dorothea de Beer.

GEMEENTE-SAKE

Kerkraadsbevestiging:

Die bevestiging staan oor tot Januarie 2016

Ons is op Facebook!

Like us on Facebook

Ons het vir jonk, oud, broers, susters en besoekers 'n platform geskep waar ons sosiaal kan verkeer, foto's deel, nuus uitruil en nuwe vriende kan maak. Almal welkom, kom praat lekker saam op ons *facebook* blad! Ons het al meer as 63 "likes"!

Beurtkrag:

U word vriendelik gevra om rustig te wees as daar 'n kragonderbreking tydens die erediens sou plaasvind. Ons het 'n kort tydjie nodig vir die orrelis om haar plek voor die klavier in te neem.

2016 Gemeente-kalender

Die 2016 gemeente-kalender is beskikbaar. Haal asseblief u kopie na die erediens by die biblioteek af. Dit is gratis, maar neem asb. net een per huisgesin.

2016 GK Almanak

Lidmate wat die 2016 GK Almanak bestel het, kan dit na afloop van die erediens by Robert Peters in die biblioteek afhaal. Die koste is R70,00 per eksemplaar. Twee almanakke is geneem, maar ons het nie betaling daarvoor gekry nie. Kan daardie gemeentelede wat dit geneem het asseblief by Robert daarvoor betaal.

Eredienste:

Vanaf 17 Januarie 2016 sal daar weer twee eredienste wees – een om 09:00 en die tweede direk na die katkisasie.

GEMEENTELIKE AKTIWITEITE

Sustersake

Skinkbeurte.

Vandag 10/01: Geen.

Volgende Sondag 17/01: D4, F5, F6, F8, H5.

Susters word vriendelik versoek om maar ’n ogie op die teeskinkbeurtlys in die ingangsportaal te hou en seker te maak wanneer hulle moet handjie bysit.

Katkisasie

Katkisasie heropen weer volgende week op 17 Januarie 2016. Katkisasie-kommissievergadering op 13 Januarie 2016 om 19:00 in die konsistorie.

Feeskommissie

Die feeskommissie vergader op Donderdag 14 Januarie 2015 om 19:00 in die konsistorie.

Fondsinsameling: Hout en vleis

Sekelbos-braaihout beskikbaar teen R20 per sakkie, Smaaklike wildswors en maalvleis teen R65 p/kg. Daar is ook wildpasteie, droëwors en biltong te koop. U kan ná die erediens agter die konsistorie (by die motorhuis) vir Nico of Marius kry wat u sal help.

Dopperdinge

Bydraes

Ons vra asseblief bydraes vir die Februarie 2016 uitgawe. As u interessante artikels met geestelike inhoud raak lees, kan u dit ook stuur mits die bron duidelik aangegee word. Artikels oor kinderopvoeding sal ook welkom wees.

Fotokompetisie

Die Dopperdinge foto-kompetisie vir Dopperdinge se voorblad is aan die gang. Kyk asseblief die besonderhede op die inligtingstuk in die voorportaal.

Vreugde

Ons is saam met Phillip en Petra Kuhn (076 891 5744) bly wie se kleindogter, klein Petra, agt onderskeidings in die onlangse matriek-eksamen behaal het. Ons wens haar grootouers en Petra geluk met die besondere prestasie. Ons goeie wense gaan met haar waar sy hierdie jaar chemiese ingenieurswese gaan studeer.

Verjaarsdae

Hartlik geluk aan almal wat hierdie week verjaar. Ons bid julle ’n mooi, geseënde en voorspoedige lewensjaar toe.

10 Januarie

Suzanne Mulder (012) 460 1780) en Marli van der Linde (082 416 4963).

12 Januarie

Danelle Coetzee (082 660 3423).

13 Januarie

Riette Oosthuizen (082 903 3012), Else Pieters (012) 998 8489) en Hans Rautenbach (082 410 5508).

14 Januarie 2016

Cobus Venter (082 752 0777).

15 Januarie

Jacolette Jackson (082 922 6484)

16 Januarie

Piet Bezuidenhout (079 528 1713) en Erhard Kruger (083 389 0308).

Spesiale verjaarsdagwense

Spesiale verjaarsdagwense gaan aan Suzanne Mulder (012) 460 1780) wat vandag 89 jaar oud word. Ons is saam met haar dankbaar vir so 'n lang en geseënde lewe en bid haar en haar familie die seën van die Here in die nuwe lewensjaar toe.

Nuwe Intrekkers

Ons verwelkom hartlik alle nuwe intrekkers. Ons wil graag kennis maak! Ontmoet asseblief na afloop van die diens vir Hennie Klopper (Skriba) by die Konsistorie aan die agterkant van die kerk sodat ons u besonderhede kan kry

Gedagte vir die week:

Wanneer God ons vertroue gee, prys Hy nie ons gawes nie. Hy bevestig Sy teenwoordigheid in ons lewens! – *Vertaal en aangehaal: Whitney Capps*

Jesaja 43:1-3a

Luister, so sê die Here wat jou geskep het, Jakob, wat jou gevrom het, Israel: Moenie bang wees nie, Ek verlos jou, Ek het jou op jou naam geroep, jy is Myne.

As jy deur water moet gaan, is Ek by jou, deur riviere, hulle sal jou nie wegspoel nie; as jy deur 'n vuur moet gaan, sal dit jou nie skroei nie, die vlamme sal jou nie brand nie, want Ek is die Here jou God, die Heilige van Israel, jou Redder!

Dagboek

Ds. Dirk se kantoor is in die konsistorie opgestel. Hy sal Maandag tot Vrydag, tensy iets anders voorval, van 08:00 tot 15:00 op kantoor wees. Hy is egter 24/7 beskikbaar en is net 'n oproep vêr. Bel hom by 079 305 3297

Hierdie week: *Vandag*: Erediens om 09:00. Ds. Dirk preek. Skole heropen 13/01. Katkisasie-kommissie 13/01 om 19:00. Feeskommissie 14/01 om 19:00. Katkisasie heropen 17/01.

Week 2: *Sondag 17 Januarie:* Erediens om 09:00. Ds. Dirk preek. Katkisasie heropen. Tweede erediens daarna. Finansiële kommissie 18/01. Kerkraadsvergadering 20/01.

Week 3 *Sondag 24 Januarie:* Erediens om 09:00, Ds. Dirk preek. Katkisasie daarna. Tweede erediens. Ds. Dirk preek. Klub 50 Vrydag 29/01.

Week 4: *Sondag 31 Januarie:* Erediens om 09:00, Ds. Dirk preek. Katkisasie daarna. Tweede erediens. Ds. Dirk preek.

Advertensies

Indien daar plek in die gemeentebrief is, plaas ons gratis advertensies. Advertensies sal vir die duur van vier weke geplaas word, of u reël met die redaksie vir volgehoue plasing. Advertensies en berigte moet ons voor 11:00 op die Donderdag voor voorgestelde plasing bereik.

Vakansieverblyf: Natalse Suidkus

SanLameer-eenheid te huur. 3 slaapkamers (slaap 6), 2 badkamers, blouvlagstrand, veilige omgewing, ten volle toegerus. Skakel vir *Marie-Louise Els* by 082 341 0855 of e-pos haar by: *marielouiseels@gmail.com*.

Susan Swanepoel Musiekskool

Onderrig in klavier, teorie, harmonie en afrigting in sang. Alle grade. Begeleiding van alle instrumente en sang. Kontak *Susan* by 083 252 0983 of (012) 993 1074.

Vakansieverblyf: Wes-Kaap

Vakansiehuis te huur in Kleinmond. Slaap 6. Ten volle toegerus. Loopafstand na strand. Geen troeteldiere. Beskikbaar teen R600 per dag, minimum 10 dae.

Kontak *Nols of Bettie Swanepoel* by 082 553 8960.

Vars gebak en Spyseniering

Koeke, terte, kolwyntjies, beskuit, "platters" en spyseniering vir funksies, verjaarsdae, kinderpartytjies, doop of spesiale geleenthede.

Skakel *Christiaan Swanepoel* by 073 769 0455 of stuur 'n e-pos aan: *cjswan4@gmail.com*.

Loodgieterswerk

Frieswyk Loodgieters vir enige loodgieterswerk.

Kontak *Gerrit van Wyk de Vries* by 083 271 0892.

Boomsloping en snoeiwerk

Jac Marais ('n lidmaat van die GK Kameel-drift) doen sloping en snoei van bome en struike in tuine.

Skakel (012) 819 1316 of 082 412 7137.

Die Waslyn

Ons kom haal GORDYNE af en was, droog en stryk dit.

Skakel: 078 296 4593.

TE HUUR

Moderne noordfront duplex huis geleë in gesogte kompleks in **Equestria.**

Onderste vloer: Oopplan sit-eetkamer-kombuis, privaat opwaskamer, studeerkamer, gastetoilet, D/G. Patio, ingeboude braai, tuin.

Boonste vloer 3 slk, 2 vol bdk, klein balkon by hoofslaapkamer, groot balkon by suidfrontslaapkamer.

Nuut uitgeverf. 24 uur Sekuriteit. R12 500 pm. Okk 1 Februarie 2016. Langtermyn beskikbaar Skakel Estelle 072 785 3935

WATERKLOOFRIF Oornagverblyf as familie in hospitaal is of besigheidsbesoek aan Pretoria. Slaapkamer (slaap 2) en badkamer, sitkamer, aparte ingang, gebruik van swembad en lapa. Parkering R500 per nag. Geen etes . Deurentyd beskikbaar. Kontak Estelle 072 785 3935